17

JAARGANG 23 | 28 NOVEMBER 2025



# VRY POS

ADVENT · KERSTYD

*legitimasie*

LOER | LEES | LUISTER | LEER

NG Kerk Vrystaat

NG Kerk Vrystaat



Celicia McLean

# REDAKTEUR

## BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Jan Lubbe | Mariëtte Odendaal | Stéphan van der Watt | Andries Gous | Enrico Casaleggio
Zak Scholtz | Hesta Friedrich-Nel | Leon M Foot
Lyzette Hoffman | Maryna van Wyk
*Kerkbode* | *CLF* | *Bybel-Media* | *Engo*
*TOIBO* | *Bybelgenootskap SA*

## ADVENT

Die woord Advent is afgelei van die Latynse woord *adventus* wat koms beteken en verwys na Christus se koms en Sy wederkoms. Gedurende hierdie tyd vier ons God se ingryping in die geskiedenis deur die geboorte van Christus. Ons vertrou dat God dit wat begin is met Christus se eerste koms sal voltooi met Christus se wederkoms. Ons sien uit daarna dat God die Bose sal verslaan en die gebrokenheid van hierdie wêreld sal heelmaak. Advent fokus op die feit dat ons tussen die tye van Christus se eerste koms en Sy wederkoms leef en dit behoort ons leefwyse te bepaal. Dit is 'n tyd van afwagting en verwagting maar ook 'n tyd om aktief God se liefde in die wêreld uit te leef.

## DAGBOEK DÍT

### KOUGOM 2025 "GOODBYE YESTERDAY"

**23-26 Januarie 2026** | R990 p/p
Retief-kampeerterrein, Bloemfontein

## VOLGENDE VRYPOS

Die eerste uitgawe van *VRYPOS* vir 2026 sal op **Vrydag 30 Januarie** verskyn. Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 04

**VISIONERING** | Moderamen
**Jan Lubbe** | *"Wees gegroet, begenadigde(s), die Here is met jou!"*

## ARTIKELS 05

05 | **BEDIENINGSBEGELEIDING** | Teologiese Opleiding
**Mariëtte Odendaal** | *Legitimasieplegtigheid: Ontmoet ons 2025-gelegitimeerdes*

11 | **BEDIENINGSBEGELEIDING** | VBO Netwerk
**Mariëtte Odendaal** | *Verantwoordelike hermeneutiek in die 21ste eeu (Tema 3 & 4)*

12 | **DIENS VAN BARMHARTIGHEID** | Rehabilitasie-reeks
**Mariëtte Odendaal** | *SANCA – die keuse vir 'n nuwe begin*

13 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Missie Japan
**Stéphan van der Watt** | *Nuusflits video's: "Japan agter Japan"*

15 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | DEGNOS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

16 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Islam
**Enrico Casaleggio** | *Wat was die Hervormers se siening van Islam? - Nr 2*

17 | **ALGEMEEN** | Reeks: Strategiese rigtingwysers vir 'n gemeente
**Zak Scholtz & Hesta Friedrich-Nel** | *Drie sleutels as lewend-kragtige rigtingwysers*

19 | **ALGEMEEN**
**Leon M Foot** | *Hoekom Kersfees?*

## MEDIATEEK 21

**Mariëtte Odendaal** | *Verbeeldingryke stories met lewensvrae - "Sprokies wat leef!" (Pieter de Villiers & Johann Smit)*

## UIT DIE FAKULTEIT 18

**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT**
**Lyzette Hoffman** | *Jesus – kontekstueel, besonders en gewoon*

## VERJAARSDAE 25

## EKOLOGIE 27

**Mariëtte Odendaal** | *'n Eko-vriendelike Kersfees*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 29

29 | CLF- Week van gebed 2026
30 | Advertensies

## KERKBODE BROKKIES 31

## PUBLIKASIES 32

## WAT'S NUUS? 33
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 34

**Maryna van Wyk** | *'n Tydlose boodskap*

## KONTAK ONS 35

# BAIE *dankie*




Beste *VRYPOS*-leser,

**Baie dankie vir jou lojale en onvermoeide ondersteuning deur 2025.**

Elke bydrae, elke positiewe woord, en elke keer wat jy ’n *VRYPOS*-uitgawe oopgemaak het, het ons gehelp om te groei en met nuwe moed vorentoe te beweeg.

Met groot dankbaarheid deel ons dat die *VRYPOS*-uitgawes in **Jaargang 23** saam **12 274 keer** gelees is — ’n mylpaal wat ons nooit sou kon bereik sonder jou nie!

Soos 2025 tot ’n einde kom, wens ons jou ’n geseënde en vreugdevolle Kersfees toe — ’n tyd van vrede, liefde en ware samesyn.

Mag 2026 vir jou ’n jaar wees van voorspoed, nuwe geleenthede en onvergeetlike oomblikke.

Ons sien met opgewondenheid uit na Jaargang 24, en na die nuwe uitdagings, ontdekkings en avonture wat ons saam met jou in die komende jaar gaan beleef.

**Vriendelike groete,**
**Die *VRYPOS*-span**

*Celicia & Juan*

Departement: Kommunikasie en Bemarking



# “Wees gegroet, begenadigde(s), die Here is met jou!”



**VISIONERING** | Moderamen
*Ds Jan Lubbe*

NG Kerk Vrystaat 160 JAAR VAN LIG IN DUISTERNIS
GEES | RUS | LEEF

Op die laaste Maandag van November 2025 was ons Moderamen weer op Menuha – ’n dag wat bewolk begin het, op ’n stadium onweer wat rammel, ’n harde reënbui, die middag toe ons huis toe moes ry, sagtheid en dankbaarheid. God sorg. Die aand 21:30 laat weet ouderling Willem Lombaard (wat die verste moes terugry na sy plaas Waaidam, anderkant Harrismith): “Dankbaar vir die Here se genade. Dankie Ulrich vir die veilig bestuur. Dankie vir ’n moderamen wat God se Koninkryk ag.” ’n Dag wat begin het met die lees van Lukas 1, die engel Gabriël se boodskap aan Maria:

“Wees gegroet, begenadigde vrou.
Die Here is met jou!”

En, ná haar skrik en huiwering, haar oorgawe aan dié nuus, dié roeping:

*“Kyk, ek is die diensmeisie van die Here.*
*Mag met my gebeur volgens u woord.”*
(Lukas 1:28 en 38)

Eksegete wys op die verband met die Ou Testamentiese profetewoorde wat hierin vervul sou word –

*“Jubel van vreugde, dogter van Sion, roep dit uit – die Here jou God is in jou midde, Hy verheug Hom met blydskap oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde vir jou!*
(Sefanja 3:14 & 17; ook Sagaria 9:9)

Dogter van Sion, verpersoonlik in Maria, die begenadigde. Uit Israel het die Messias gekom, eeue lank verwag. Hoop vervul. En in die Adventweke – soos nou wéér – wag sy Kerk dat God se beloftewoord in vervulling sal gaan; dat Christus terugkeer; dat sy Koninkryk deurbreek. Dáárby het ons gesprek Maandagoggend begin: Wat laat jou **hoop**, hier in die Vrystaat? En wat is vir jou ’n verhindering hierin? Die gesprek neig na die **hindernisse**: Ons verloor te maklik hoop – glo ons regtig dat Gód die onmoontlike kan vermag (Lukas 1:34)?

**Lees** meer »

NG Kerk Vrystaat

18 NOVEMBER 2025

# KURATORIUM

VAN DIE NG KERK VAN VRYSTAAT

## Legitimasie

NG GEMEENTE FICHARDTPARK



## RÁÁKGESIEN & GERÓÉP

*Johannes 1:43-51*

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Teologiese Opleiding
*Mariëtte Odendaal*

# Ontmoet ons 2025-gelegitimeerdes

Op 18 November 2025 het ons Kuratorium van die NG Kerk Vrystaat een nuwe teologiestudent, **Jacqueline Smith** (tans diensleraar), asook twee colloquium doctum-kandidate, **Stéfan Coetzee** en **Flippie Kotzé**, met leraarsbevoegdheid gelegitimeer. NG Kerk Vrystaat wens graag hierdie proponente en hul families en gemeentes geluk!

Ons bid julle die seënbede van **Psalm 134** toe:
*"Kom, prys die Here, julle almal wat Hom dien, julle wat in die nag in die tempel van die Here staan! Hef julle hande in gebed op na die heiligdom en prys die Here! Mag die Here jou seën uit Sion, Hy wat hemel en aarde gemaak het."*

Hiermee wil ons die proponente in ons sinode verwelkom en hulle ook aan julle voorstel. Dankie aan elke persoon, personeellid en **diensverskaffer** wat 'n sukses van hierdie geleentheid help maak het.

- **NG Gemeente Fichardtpark** - Dr Enrico Casaleggio (leraar), mev Reneé Ferreira (skriba/kassier) en mnr Lourens Jordaan (koster)
- **Prof Jan-Albert van den Berg** - Prediker (Departement: Praktiese en Missionale Teologie, Fakulteit Teologie en Religie, UV)
- **Mev Retha Visser** (Orrelis) en **mev Sarahné Dreyer** (Violis) - Musiek
- **The Food Emporium** - Spyseniering
- **Deco Table** - Décor
- **Waldorf Flowers** - Ruiker
- **CPS Centrepiece Printing Solutions** - Drukkers
- **East Rand Leather** - Leer-boekmerkies
- **Tertius Botha** - Foto's

THEOLOGY AND RELIGION UFS | NG Kerk Vrystaat | Nederduitse Gereformeerde Kerk – Een liggaam en een gees | hugenote kollege



***Foto:*** *Proponente Jacqueline Smith, Stéfan Coetzee en Flippie Kotzé saam met die Dagbestuur van die Vrystaat Kuratorium (verskaf)*



**smith.xx6767@gmail.com**
073 810 2868

# JACQUELINE SMITH

## *NG Kerk Vrystaat | Fakulteit Teologie en Religie*

**Jackie Smith** is in Dundee, KwaZulu-Natal gebore waar sy haar laer- en hoërskoolloopbaan voltooi het.

Nadat sy in 2004 gematrikuleer het, het sy in 2005 met BTh-studie aan die Universiteit van die Vrystaat begin. Ná voltooiing van haar graad het sy die BA Hons-graad en MA in Nabye Oosterse Studies behaal met 'n fokus op Bybelvertaling. Daarna het sy teruggekeer na teologie en die Nagraadse Diploma in Teologie in 2023 en die MTh-graad vanjaar behaal.

Sy vertel dat die mense wat die grootste invloed op haar vormingsjare gehad het, haar ouers was. Hulle het haar nooit in 'n sekere rigting gedwing nie, maar aan haar die vryheid gegee om haar eie belangstellings na te jaag; iets wat vir haar baie beteken het.

Omdat die Here al soveel vir haar in haar lewe beteken het – "Hy was daar vir my in die goeie én slegte tye" – wou sy teologie gaan studeer.

**Lees** meer »



jscoetzeev@gmail.com
082 386 7675

# JOHANNES STEFANUS COETZEE

*Colloquium Doctum* |

**Stéfan Coetzee** is in Pretoria gebore en het in Wierdapark, Centurion grootgeword waar hy aan die Laerskool Bakenkop en Hoërskool Eldoraigne sy skoolloopbaan deurloop het.

Na skool het hy as rekenaar- en netwerktegnikus gekwalifiseer en was vanaf 1999 tot 2004 in Johannesburg en Rustenburg werksaam. Vanaf 2005 tot 2010 het hy die BTh-graad deur die Afrikaanse Protestantse Akademie verwerf en die AP Kerk Brits vanaf Februarie 2011 tot Desember 2014 bedien. Daarna het hy die AP Kerk Senekal/Paul Roux-gemeentes vanaf Desember 2014 tot April 2021 bedien. Sedertdien is hy as deeltydse leraar verbonde aan die AP Kerk Marquard- en Excelsior-gemeentes.

Die persoon wat die grootste invloed op hom in sy vormingsjare gehad het, was sy pa. "Sy kalm, rustige en beredeneerde manier om iets te doen, was altyd vir my baie spesiaal," vertel Stéfan.

**Lees** meer »



flippiekotze.pastoraleberader@gmail.com
078 211 0857

# PHILIPPUS ERASMUS KOTZÉ | *Colloquium Doctum*

**Flippie Kotzé** is in Bloemfontein gebore en het grootgeword op hul familieplaas naby Petrusburg. Sy laer- en hoërskoolloopbaan het hy op Petrusburg deurloop en hy matrikuleer in 1997.


Die mense wat die grootste invloed op hom in sy vormingsjare gehad het, was sy ouers. "Hulle ondersteuning vir ons as kinders het altyd voorop gestaan. Die voorbeeld wat hulle vir ons gestel het ten opsigte van hoe hulle die lewe aanpak, hul werksetiek en Christenskap, het 'n groot impak op my gehad. Ons is ook 'n hegte familie en het nog altyd almal mekaar ondersteun en by mekaar geleer."

Die jaar nadat hy sy skoolloopbaan voltooi het, het hy 'n kursus in wildbewaring gedoen waarna hy op 'n wildsplaas naby Malalane gaan werk het. Alhoewel Flippie in die wildbedryf belanggestel het, het hy al op skool aan die voorligtingonderwyser gesê dat hy teologie wil gaan studeer.

**Lees** meer »







# KURATORIUM

VAN DIE NG KERK VAN VRYSTAAT

*Legitimasie*





*Mariëtte Odendaal*

# Verantwoordelike hermeneutiek in die 21ste eeu

'n Lerende gemeenskap

**DIDASKO beteken "om te leer" en is die nuwe VBO-handelsmerk van die NG Kerk Vrystaat onder leiding van Bedieningsbegeleiding. Dit bied 'n vars, dinamiese ruimte waar ons sáám kan leer, groei en mekaar toerus vir diens in God se wêreld.**

Die eerste onderwerp, Verantwoordelike hermeneutiek in die 21ste eeu, is via zoom op vier verskillende Dinsdagaande aangebied. Opsommings van die eerste twee aanbiedings kan **HIER** gelees word.

Die **derde** aanbieding is gedoen deur prof Lodewyk Sutton, departementshoof van Ou- en Nuwe-Testamentiese Studies, Fakulteit Teologie en Religie, asook mede-professor in Ou Testament aan die Universiteit van die Vrystaat (UV). Die **vierde** (en laaste) aanbieding is gedoen deur prof Louis Jonker, 'n dosent in Hebreeuse Bybel- / Ou Testamentiese studies aan die Universiteit Stellenbosch (US).

Hier volg die aanbiedingsopsommings van die derde en vierde temas.




## Tema 3: "Kom ons praat oor geweld – 'n Hermeneutiek van geweld, met voorbeelde uit die Psalms"

Prof Lodewyk Sutton begin sy aanbieding deur daarop te wys hoe moeilik dit is om oor geweld te praat, veral as dit oor geweldstekste in die Bybel gaan; 'n baie belangrike tema in die lig van wat tans wêreldwyd aan die gebeur is.

Bronne van belang oor hierdie onderwerp is byvoorbeeld **War in the Hebrew Bible: A Study in the Ethics of Violence** (Susan Niditch) waarin sy baie fokus op etiek; **Violent Rituals of the Hebrew Bible** (Saul M Olyan) wat oor rituele handel; **Redeeming Violent Verses: A Guide for Using Troublesome Texts in Church and Ministry**, 'n nuwe boek waarin Eric A Seibert praktiese leiding ten opsigte van prediking oor geweldstekte gee.

**Lees** meer »




## Tema 4: "Om opnuut te interpreteer – Interpretasie in en van die Bybel, toegelig met voorbeelde uit Kronieke"

Prof Louis Jonker wys ons daarop dat nuwe interpretasies van Bybeltekste ongelukkig in die NG Kerk 'n slegte reputasie het; dit word beskou dat die Bybel verdraai word om eie sienings te pas.

Die vier grootste redes hiervoor is dat die Bybel as die onveranderlike, onfeilbare Woord van God beskou word, dat die Bybel se gesag in alle tye geld, dat die Bybel 'n vaste anker is en ons nie agter die politieke en/of samelewingstendense moet aanhardloop nie (soos byvoorbeeld met die apartheidsteologie). Mense is skepties daaroor as tekste vir nuwe omstandighede nuut geïnterpreteer (herinterpreteer) word, want dit kan aanstoot gee.

**Lees** meer »

DIENS VAN BARMHARTIGHEID
Rehabilitasie-reeks
*Mariëtte Odendaal*

*Rehabilitasie-reeks*

# SANCA – die keuse vir 'n nuwe begin

"Die werklikheid is dat middelafhanklikheid 'n mediese kondisie is. Pasiënte word met 'n baie spesifieke uitgewerkte plan vir die bepaalde pasiënt behandel; dienste wat feitlik deur alle mediese fondse betaal word."

***Ds Jannie Smith, voorsitter: SANCA Nasionaal***



**Foto:** *Verskaf*

Middelafhanklikheid kom by alle inkomstevlakke van samelewings voor en het 'n geweldige afbrekende impak op enige mens wat daarmee worstel, asook op die gesin of familiekring waartoe daardie persoon behoort.

In 'n land waar tot die kleinste dorpies daagliks met die vernietigende gevolge van dwelmverslawing, alkoholisme en fetale alkoholsindroom (FAS) te kampe het, is dit baie goeie nuus as 'n mens hoor van instansies soos die *South African National Council on Alcoholism and Drug Dependence* (**SANCA**).

As 'n toonaangewende organisasie ten opsigte van die voorkoming en behandeling van middelafhanklikheid bied SANCA hoop aan baie mense. Ons het met ds Jannie Smith, die nasionale voorsitter van SANCA vir die afgelope 20 jaar, gaan gesels om meer oor hierdie organisasie te wete te kom.

## Jannie, hoe het dit gebeur dat jy by SANCA betrokke geraak het?

"Ek was eers by die ***Aurora Addiction Recovery Centre***, een van SANCA se takke in Bloemfontein, as pastorale terapeut betrokke en vanaf 1994 het ek lid van die bestuur geword. Vanaf 1996 het ek by SANCA Nasionaal se bestuur betrokke geraak.

"Ek is uit die aard van my betrokkenheid by SANCA Nasionaal by al die takke landswyd betrokke en as deel van hul lidmaatskap van SANCA besoek ek ook elkeen van die takke minstens elke tweede jaar."

Lees meer »

**VENNOTE IN GETUIENIS**
Missie Japan
*Dr Stéphan van der Watt*

# Nuusflits

## JAPAN AGTER JAPAN

*Anime*, *manga*, vreedsame tempels, *karate*, *jūdō*, en vir geestelike verligting, Zen-boeddhisme. Is enige hiervan vir jou bekend? Of is jy dalk selfs goed ingelig en kundig oor meer as een Japannese tradisie? Japan het, deur al sy kulturele uitvoer-'produkte', al hoe meer bekend geword in die Weste. Maar daar is waarskynlik nog heelwat gapings tussen jou Westerse indrukke en die werklike Japan. Daar is ook 'n Japan agter Japan — nie maklik sigbaar nie, soms selfs versteek vir ons wat al lank hier woon ... en, mag ek sê, soms nog weggesteek vir die Japannese self.

Ons woon al 16 jaar in Japan, en al bly hierdie ryk en antieke kultuur ons dikwels verstom, is daar 'n Japan wat stadigaan sy ware kleure begin wys wanneer jy hier leef. Kom luister hoe ons, selfs ná al die jare, steeds ons koppe stamp teen ongeskrewe reëls, onmoontlike *kanji*, en baie esoteriese Oosterse kodes van stilte en harmonie binne 'n hoë-tegnologie, lae-misdaad eilandnasie. Maar laat ons ook pynlik eerlik wees en die vraag vra wat jy dalk huiwerig is om aan getuienis-vennote in Japan te stel: Is dit nodig dat 'n hoogs beskaafde en goed funksionerende land soos Japan die evangelie hoor?




Het hulle die evangelie nodig? En — al is dit dalk diep ontstellend vir die ryk Christelike geskiedenis van die Weste — wat van ons? Moet óns nie ook weer die evangelie herleer nie? Kyk die twee video's, deel dit gerus wyer en gesels saam!

**Lees** hier »


***Foto:*** *Shutterstock*

# Position: Full time Missionaries to Japan
## Advertisement

Mission Japan (a joint Committee of the DRC Family and the Reformed Churches in SA) in collaboration with the Christian Reformed Church of Japan are hereby announcing that an official process is launched for the recruitment and calling (by Mission Japan) of a missionary couple(s) to work with the RCJ Shikoku Presbytery in Japan.

We hereby invite couples, not older than 35 years of age, to apply for this position. The applicants should have a vision, strong calling and commitment to world missions in general and specifically to Japan (where less than 1% of the population identify as Christian including Protestant and Catholic groups).

The suitable candidates will:

1. Be members of the DRC Family of churches or the Reformed Churches of SA;
2. Be in possession of a bachelor's degree in theology (B.Th. or B.Div. or M.Th. or M.Div.) or in their final years of studies;
3. Have a clear understanding of, and commitment to, Reformed Theology and the Reformed Presbyterian system of church governance;
4. Be Legitimized / Licensed ("gelegitimeer") within one of the DRC Family of churches or the Reformed Churches of SA;
5. Have proficiency in English (any TEFL qualifications or training will count in your favour).

The recruitment committee will review candidates that have:

1. A clear understanding, personal experience of and commitment to Jesus Christ as Lord and Saviour;
2. A Biblical and deep inner experience of being called by God into full-time cross-cultural missions in general (and specifically Japan);
3. Experience in, understanding of and a commitment to cross-cultural ministry and living in cross-cultural settings;

Our process:

We request that interested parties consider this opportunity prayerfully and, upon confirmation of the Lord, send an email to **applymissionjapan@gmail.com** showing their interest. A more detailed description of requirements and an application form will then be sent to interested parties. Applications will be received together with the requested documents and be reviewed by the recruitment committee. This committee consists of a South African team and a Japanese team.

*For more information regarding Mission Japan, click on the following link to our website: https://missionjapan.co.za*

Important:

1. All correspondence has to be in English. This includes the required documents such as copies of academic records etc.;
2. This is not a paid missionary position. Candidates will be required to raise support which is then managed by Mission Japan;
3. Ordained ministers become ordained missionaries / ministers in the Reformed Church of Japan;
4. This position requires that candidates learn to become fully proficient in Japanese. This is NOT an English ministry position.

# DEGNOS-dinge

VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
*Andries Gous*

## Liewe vriende van DEGNOS

### Bid vir die Ju//hoansi-volk

Vroeër in November is daar vir drie dae saam met ds Gerrie Cwi en ds Leviet Kxao in die Tsumkwe-gemeente gekuier. Tydens die besoek was daar ook geleentheid om verskeie organisasies te ontmoet wat in die Nyae Nyae-gebied saam met die Ju//hoansi-volk werk. Hoewel almal 'n verbintenis met die gemeenskap het, is daar 'n merkbare verskil in benadering.

### Humanitêre organisasies en die Evangelie

Die meeste van hierdie instansies identifiseer hulself as humanitêre hulporganisasies wat daarop fokus om die kultuur-erfenis van die Ju//hoansi te bewaar en hulle tradisionele lewenswyse te beskerm. Hoewel dit op die oog af goed en lofwaardig klink, werk sommige van hierdie organisasies aktief teen die verkondiging van die Evangelie.

As deel van hul bewaringsmodel word die San-mense aangemoedig om nie afstand te doen van hul tradisionele geloof nie. Tradisionele aanbiddingspraktyke word onder nuwe benamings beskryf, soos "tradisionele speletjies", om dit meer aanvaarbaar vir buite-ondersteuners te maak.

Miljoene Namibiese dollar word geskenk – maar soms met die voorwaarde dat Christelike organisasies uitgesluit moet word. In sekere werkswinkels word die gemeenskappe selfs ontmoedig om na die Christelike geloof te draai. Vir mense wat in groot nood leef, is dit moeilik om hierdie hulp te weier wanneer dit saam met kos en finansiële ondersteuning kom.

***Foto:*** *Ds N!aici besig om Goeie Nuus aan n groep Ju//Hoansi-mense te vertel op Nhoma Nr. 2 (verskaf)*



### Stygende druk op gelowiges

Jare reeds is daar teenstand teen die Evangelie-werk, onder andere van sommige lodge-eienaars wat die tradisionele spirituele praktyke as 'n toeriste-aantreklikheid gebruik. Wanneer mense tot geloof in Christus kom, verdwyn hierdie "bemarkingsfoefie", wat spanning tot gevolg het.

Daar word toenemend subtiele maniere gevind om Christene uit amptelike ruimtes te hou. Ds Gerrie, wat terselfdertyd voorsitter van die Nyae Nyae-bewaringskomitee is, ervaar groot druk. Hy word al meer uitgeskuif en daar word aantygings teen hom gemaak om sy werk en karakter te diskrediteer.

Ons word gevra om vir hierdie broers en susters te bid – mense wat swaar kry omdat hulle die tradisie verlaat het om Jesus te volg.

**Lees** meer »

# iSLAM

## Wat was die Hervormers se siening van Islam? | Nr 2

Ons het verlede keer, so met Hervormingsondag in gedagte, gekyk na wat die Hervormers se siening van Islam was. In kort: die Hervormers het Islam breedweg beskou as 'n Christelike kettery wat, nadat hulle sommige elemente van die Christendom gekies en ander verwerp het, wortel geskiet en versprei het in gebiede waar die Christendom oorskadu is deur aansienlike agteruitgang in leer en lewe.

Heinrich Bullinger merk op dat Islam histories ontstaan in daardie plekke waar die Christendom ernstig van Bybelse norme afgewyk het. Gevolglik stel Bullinger voor dat Islam eintlik God se oordeel is oor die bose lewens van streke van die Christendom – net soos God vreemde volke (soos die Filistyne, Assiriërs en Babiloniërs) gebruik het om Sy eiesinnige volk in die Ou Testament te tugtig.[1] Dus bid Bullinger dat die kerk die opmars van Islam sal sien as iets wat twee reaksies vereis: eerstens, die reaksie van berou oor haar eie sondes en mislukkings, en tweedens die uitstuur van sendelinge na die Moslemvolke.[2]

*[1] **Campi, E.** 2010. Early Reformed Attitudes towards Islam, Theological Review 31*

*[2] **Campi, E.** 2010. Early Reformed Attitudes towards Islam, Theological Review 31*

*[3] **Campi, E.** 2010. Early Reformed Attitudes towards Islam, Theological Review 31*

*[4] **Campi, E.** 2010. Early Reformed Attitudes towards Islam, Theological Review 31*

*[5] **Belloc, H.** 1938. The Great Heresies. Trinity Communications*

*[6] **Lewis, C.S.** 1970. God in The Dock. William B. Eerdmans: Grand Rapids, Michigan*

*'n Reeks Islam-artikels. Hierdie artikel volg op die vorige een en handel hoofsaaklik oor die Hervormers se siening van Islam.*

Calvyn sien ook in Islam 'n waarskuwing vir Christene van oral: "En laat ons daarom goed let daarop dat ons aan die suiwer godsdiens vashou."[3] Dit begin met 'n standvastige toewyding aan die Heilige Skrif. In 'n preek oor Job herhaal Calvyn: "Duiwelse nuuskierigheid is nie tevrede om bloot deur die Heilige Skrif geleer te word nie! Kyk ook waarop die godsdiens van die Turke gegrond is! Mahomet [Mohammed] het homself aangemeld as die party wat die volle openbaring moet bring oor en naas die Evangelie."[4]

Die Hervormers het die opmars van Islam in voorheen Christelike streke verstaan as God se oordeel oor die verwaarloosde geestelike toestand van voorheen Christelike volke. Gevolglik het hulle Christene opgeroep om God se oproep tot bekering te hoor wanneer hulle nuus van Islam se dreigemente en suksesse gehoor het, en veral om God se oproep te hoor om aan die Skrif en aan die Skrif alleen (*Sola Scriptura*) vas te hou. Slegs uit sulke bekering en getrouheid aan die Skrif kan die kerke dan God se seën op hul sendingpogings aan die Moslems verwag. Dit is moeilik om die parallelle vandag – vyf eeue later – mis te kyk terwyl ons sien hoe Islam vorder en floreer – juis in die Weste waar die beginsels van die Hervorming en van die Christelike tradisie deur sekulêre humanisme gekorrupteer is, of verwerp is ten gunste van sekulêre humanisme.

**Lees** meer »


*REEKS*

*Strategiese rigtingwysers vir 'n gemeente*

# Drie sleutels as lewend-kragtige rigtingwysers

**ALGEMEEN**
Woodland Hills Gemeenskapskerk
*Ds Zak Scholtz*
*Prof Hesta Friedrich-Nel*

Figuur 1




### Inleiding

In die alombekende *Alice's Adventures in Wonderland*[2] vra Alice aan die onsigbare kat:

"Ek sal graag wil weet watter pad ek moet neem."

"Dit hang af waarheen jy wil gaan," antwoord die wyse kat.

"Wel dit maak nie regtig saak nie," reageer Alice.

"Wel dan maak dit nie saak watter pad jy neem nie."

*"If you don't know where you are going, any road will get you there."*
**Lewis Carroll**

### Drie vrae:
### Wat, Waarheen en Hoe?

Alice en Carroll verwoord iets wat die ope vraag in baie gemeentes, besighede en organisasies bly.

In 'n oorvereenvoudige vorm[3] is die vrae:

- **Wat** is ons huidige situasie?
- **Waarheen** wil ons hier vandaan gaan?
- **Hoe** gaan ons daar kom?

### Figuur 1
### Drie vrae as strategiese rigtingwysers

Die doel van hierdie skrywe is om die drie vrae (sien Figuur 1) as die vertrekpunt vir strategiese rigtingwysers te gebruik om die doel, rigting, groei en vooruitgang van 'n gemeente, besigheid of organisasie te begelei. Verder word nagedink of die kerk *per se* nodig het om die beginsels van strategiese beplanning aan te wend om aan haar doel te beantwoord.

**Lees** meer »




**Aan wie belangstel**

Beste Medewerker

**Werkswinkel: Opleiding van Opleiers: Dissipels maak Dissipels**

Soos baie weet is ek vir 30 jaar betrokke by die kursus in Diensevangelisasie ***Getroue Getuies*** (R.S. Armstrong). Ek wou lank reeds (toe Armstrong nog geleef het) saam met hom die kursus opdateer. Ek kon dit pas tydens my navorsingsverlof in Princeton, NJ doen en ook met die toestemming van die Uitgewer. Ek het drie lede van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk se nuwe Taakgroep vir Evangelisasie as eerste lesers gevra. Hulle drie is baie gemaklik en opgewonde oor die nuwe nege weke kursus onder die titel:

***Dissipels maak Dissipels.***
***Uitnodiging tot die lewe wat in Jesus Christus is***.

Die kursus bou op 'n inleiding oor die kritieke belang van die herstel van die gemeente van Christus tot 'n geloofsgemeenskap waar elke lidmaat 'n dissipel van Christus is wat dissipels maak.

**Jy word hiermee uitgenooi na 'n werkswinkel waar opleiers (leraars en lidmate wat hulle leraar vergesel) opgelei word om die kursus plaaslik aan te bied. Die eerste werkswinkel vir 2026 word beplan vir 26-28 Januarie in die NG Gemeente Stellastraat in Pretoria. Die bedrag van R400 sluit die Leiersgids en die Werkboek vir lidmate in. Vir 'n inskrywingsvorm kontak my by malannelup@gmail.com**



# Hoekom *Kersfees?*

**ALGEMEEN**
*Dr Leon M Foot*

Klein kinders is slimmer as wat ons dink. Met 'n eenvoudige vraag leer hulle hulle hele wêreld ken. Enige ouer wat al 'n vierjarige se "hoekoms" moes antwoord, sal verstaan.

Dalk moet ons by hulle leer en meermale "hoekom" vra.
Soos met Kersfees.



## Ek kan dink dat 'n Kersfees-gesprek met 'n kleuter so sou kon verloop:

Kind: Hoekom vier ons Kersfees?

Ouer: Ons vier die feit dat Jesus aarde toe gekom het.

K: Hoekom het Hy aarde toe gekom?

O: Om vir ons sonde aan die kruis te kom sterf.

K: Hoekom het Hy aan die kruis kom sterf?

O: Sodat ons sonde vergewe kan word.

K: Hoekom moet ons sonde vergewe word?

O: Omdat sonde ons van God af weghou.

K: Hoekom?

O: Kom ek verduidelik: As jy jou sussie seermaak, is sy kwaad vir jou en kan julle nie lekker saamspeel nie.

K: Hoekom?

O: Want 'n mens speel mos nie graag met iemand wat lelik is met jou nie. Ons sonde maak ook vir God seer.

K: Hoekom maak dit vir God seer?

O: Want dis nie wat Hy vir ons in gedagte gehad het toe Hy ons gemaak het nie. Ons sonde is nie vir hom lekker nie.

K: Hoekom?

O: God wil hê dat ons almal mooi met mekaar moet saamspeel. Jy het mos al in die kerk gehoor die dominee lees uit die Bybel: *Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.*

K: Hoekom?

**Lees meer** »

TOWERS OF HOPE LEADERSHIP FOUNDATION

# 2025 Kersfees

**Torings van Hoop | *Die Here sal voorsien!***



En skielik is dit daardie tyd van die jaar! Kersfees is amper hier en by **Torings van Hoop** is ons alreeds besig om gereed te maak vir ons jaarlikse Kersdag-vieringe. Oor die afgelope jare het die Here my kom leer dat **'Hy sal voorsien'**! En daarom weet ek dat, kom Kersdag, ons alles in plek sal hê om **500+ kwesbare mense** te kan seën.

**'Die Here sal voorsien'** is dan juis ook ons Kersdag-tema waarmee ons nie net die **'hoop', 'vrede', 'vreugde' en 'liefde'** gedurende die Adventstyd wil vier nie, maar ook saam met die groter Kerk van die Here sal smag na hoe dit 'n groter realiteit in ons wêreld kan word.

Vir baie arm, behoeftige en hawelose mense kan Kerstyd baie maklik 'n tyd wees wanneer hulle verlate en uitgestoot voel. Vir die laaste 17 jaar het Torings van Hoop, saam met baie ondersteuners en vrywilligers, dit ons prioriteit gemaak om juis hulle op Kersdag met 'n spesiale Kersmaal en 'n klein praktiese geskenkie te herinner dat Kersfees juis ook vir hulle is. Die Here los hulle nie alleen nie.

**Jy word hiermee uitgenooi om by ons aan te sluit om Kersdag 2025 spesiaal te maak vir diégene wat in die besonder smag na die Here se 'hoop', 'vrede', vreugde' en 'liefde'. Jy sou dit op enige van die volgende maniere kon doen:**

- Jouself die week voor Kersfees beskikbaar stel vir die pak van die geskenkpakkies óf die voorbereiding van die Kersmaal.
- Op Kersdag te help om alles voor die ete gereed te kry, óf om die ete voor die tyd op te skep, óf om te help met die uitdeel daarvan (saam met die geskenkpakkies) ná die Kersdiens.
- In vennootskap met ons te gaan deur óf in *natura* óf finansieel by te dra vir wat nodig is vir die dag (sien die benodigde Kersmaal-bestanddele).

Jy kan ons kontak by 051 430 4274 (kantoorure) of e-pos: andre@towersofhope.org

Hoe jy ookal besluit om vanjaar betrokke te wees, weet dat enige en alle bydraes definitief geweldig waardeer word. Ons bedank jou by voorbaat! Geseënde Kersfees!

***Torings van Hoop-personeel en -trustees***

*In ooreenstemming met die POPIA-wetgewing, word daar van ons vereis om jou toestemming te verkry om voort te gaan om inligting rakende die aktiwiteite van Torings van Hoop aan jou deur te gee. Indien jy verkies om nie meer hiérdié inligting van ons te ontvang nie, en wil versoek dat jou kontakbesonderhede nie meer op ons databasis behou word nie, stel ons asseblief dienooreenkomstig in kennis deur op die e-pos 'andre@towersofhope.org' te reageer met die woord GEEN TOESTEMMING. Baie dankie.*

Tel: +27 (0)51 430 4274
Henrystraat 37 | Bloemfontein | 9301
www.towersofhope.org

**Kersmaal-bestanddele**

# SPROKIES WAT LEEF!

**Pieter** de Villiers & **Johann** Smit

## Verbeeldingryke stories met lewensvrae

Hier is nou 'n juweel van 'n kinderboek!


Wat is lekkerder as om met jou kind of kleinkind op die skoot sprokies voor te lees? Behalwe dat jy die kind se verbeelding prikkel, word daar ook 'n intieme band tussen kind en grootmens gevorm; iets wat in vandag se tyd van onskatbare waarde is omdat ons maklik vir ure lank vasgevang kan word op die skerms in ons handpalms.

Die boek is natuurlik ook gepas vir kinders wat al self kan lees en is gemik op laerskoolkinders. *Sprokies wat leef* neem die kind (én die voorleser) in 'n wonderwêreld van sprokies in waar die kind se verbeelding op paaie geneem word wat nuwe horisonne en moontlikhede oopbreek. Boonop dra die vrae aan die einde van elke sprokie daartoe by dat daar 'n gesprek tussen die kind en grootmens aan die gang gesit kan word; iets wat van onskatbare waarde is om die kind te help toerus vir die uitdagings van die lewe.

Pieter de Villiers (predikant en sakeman) was die skrywer en Johann Smit, ons laaste Predikant in Sinodale Diens (PSD) Jeug in die Vrystaat wat ook predikant van Bloemheuwel was, het sowat sestig van die sketse gemaak.

Johann en sy vrou, Marlisa (afgetrede arbeidsterapeut) en Pieter se vrou, Lizette, die projekbestuurder van die boek (oud-onderwyser), het help timmer aan die verhale om dit persgereed te kry. Die grafiese ontwerper van die boek was Elsa de Roos. Die boek is te kry by **Naledi** wat dit onder meer so beskryf: "In Kabouterland is Dokter Wallie die slim kabouter wat die hele dorp leer hoe om met mense wat moedswillig is, te werk. Elkeen van ons moet dit leer, en hierdie sprokie skep die geleentheid om te gesels en te kuier oor die belangrike beginsel van moedswillige mense."

***Foto:** Oorgeneem uit Naledi.co.za*




**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Mediateek
*Mariëtte Odendaal*

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

# Jaarboek

## van die Nederduitse Gereformeerde Kerke

*Jaarboek 2026* bevat die sinodale, rings-, gemeente- en predikante-inligting van die NG Kerk, NG Kerk in Afrika, Reformed Church in Africa en familiekerke in die buiteland.




### e-Jaarboek op missio.org.za

*e-Jaarboek 2026 is as 'n gebruikersvriendelike digitale weergawe beskikbaar vir slegs R299.*

***Kry met 'n jaarlikse subskripsie toegang tot die e-Jaarboek op www.missio.org.za***

### Bestellings is nou oop!

**Jaarboeke is beskikbaar vanaf Desember 2025**

## Bestelvorm

### #1 Aantal boeke en CD's

* Vul getal in toepaslike blokkie(s) in
* Alle pryse sluit BTW en verpakking in

| | | | |
|---|---|---|---|
| ☐ | Jaarboek 2026 | **@R399 elk** | **= R ............** |
| ☐ | CD-weergawe | **@R299 elk** | **= R ............** |
| ☐ | Boek & CD | **@R499 per stel** | **= R ............** |
| ☐ | Koerierkoste | **@R99** | **= R ............** |
| | | **Totaal =** | |

### #2 Betalingswyse

☐ **Plaas op rekening van** ..................................................

☐ **Direkte inbetaling aan** CLF Uitgewers, ABSA Bank, Reknr 470 188 499, Takkode 632005.

**E-pos bewys** aan bestel@bmedia.co.za

**NB: Gebruik een van die volgende as verwysingsnommer:**
Rekeningnommer + JB **OF** Gemeentenaam + JB

### #3 Afleweringsadres

*Vul die inligting in vir waar aflewering moet plaasvind

**Pos aan gemeente/instansie/individu:**

..................................................

**Adres:** ..................................................

..................................................

.................................................. **Poskode:** ............

**Telefoonnommer:** ..................................................

**Bestelling geplaas deur:**

..................................................

## Plaas jou bestelling

**E-pos:** bestel@bmedia.co.za
**WhatsApp:** 079 881 2729
**Webblad:** www.bybelmedia.org.za

BM Bybel-Media



R990
PER KAMPEERDER

Kougom 2026

23 - 26
JANUARIE 2026

WAYPOINT-STUDENTEBEDIENING BIED AAN

# KOUGOM 2026

## "GOODBYE YESTERDAY!"

STUDENTEKAMP
OOP VIR ALLE EERSTEJAAR
EN VOORGRAADSE STUDENTE!

**SKRYF AANLYN IN:**

KOPANONGMINISTRY.ORG/KOUGOM

CHRISTEN
STUDENTEKAMP
AANGEBIED BY
RETIEF KAMPEERTERREIN
BLOEMFONTEIN

KOUGOM IS MET TROTS AANGEBIED DEUR
WAYPOINT STUDENT MINISTRIES
NG Kerk Vrystaat

## ALLE MATRIKULANTE

As jou ná-skoolse reis jou volgende jaar na Bloemfontein bring, hoop ons om jou op die Kougom-kamp te sien.
Dit is jou wegspringplek om saam met medegelowiges die avontuur van student-wees binne te gaan.

**23-26 JANUARIE 2026 | RETIEF-KAMPEERTERREIN**
**R990 PER / KAMPEERDER**

**https://www.kopanongministry.org/kougom**
Verdere inligting en inskrywings

Aangebied deur "Waypoint", die sinodale studentebedieningsnetwerk van die NG Kerk Vrystaat

**SIEN UIT OM JOU TE ONTMOET - DIE KOUGOMSPAN**

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

Postgraduate Studies

# Jesus – kontekstueel, besonders en gewoon

Inspiring excellence. Transforming lives.



**Dr Lyzette Hoffman**, *uitvoerende redakteur: "Acta Theologica", Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van die Vrystaat (UV)*

VISION130 Renew and Reimagine for 2034 | University of the Free State / Universiteit van die Vrystaat / Yunivesithi ya Freistata | UFS Theology and Religion

## FILIPPENSE 2:6-11 AFR20

*"Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en aan Hom die Naam geskenk wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elke knie sal buig – van diegene in die hemel en op die aarde en onder die aarde – en elke tong sal bely, "Jesus Christus is die Here!" tot eer van God die Vader."*

Een van die belangrike vaardighede wat 'n teologiestudent moet aanleer, is om "kontekstueel" te wees. 'n Tipiese vraag in 'n werkstuk sal wees: "Pas … toe in jou konteks / 'n gemeente se konteks vandag." Studente moet ook leer om "kontekstueel" te preek. Die konteks is belangrik vir die werklike verstaan en toepas van begrippe. Dit bring ons dan ook by die konteks van Advent waar die kerkjaar inbeweeg.

Jesus se koms na die aarde het God op 'n baie tasbare vlak "kontekstueel" gemaak. In Filippense 2:6-7 lees ons: "Hoewel Hy in die gestalte van God was, het Hy gelykheid aan God nie beskou as iets om aan vas te klem nie, maar Hy het Homself daarvan leeggemaak, deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word." Trouens, Jesus het so eg "gewoon mens" geword dat baie mense nie eers besef het hoe besonders Hy eintlik is nie.

Filippense 2:6 getuig dat Jesus besonders was voor Sy geboorte in Bethlehem. Hy, die Ewige, Almagtige, Onvergelykbare – in die "Gestalte van God" - het uit liefde gekies om "kontekstueel" te word – ingeperkte mens te word. Hy was besonders terwyl Hy op aarde geleef het (vers 7-8).

Die besondere lê veral ook daarin dat Hy so "gewoon" deel was van die lewe dat baie mense niks besonders van Hom verwag het nie.

Laastens herinner Filippense 2:9-11 ons dat Jesus, Seun van God en ware mens, ná Sy opstanding "uitermate" verhoog is. 'n Naam bo elke Naam. Jesus is die mees besondere persoon wat ons ooit persoonlik sal ken, verhoog bo alles en almal. Eendag sal elke knie voor Hom moet buig. Elke tong sal (met vreugde of met spyt) moet erken "Jesus is die Here"! Die uitdaging aan elke kind van die Here, met of sonder allerlei kwalifikasies, is om kontekstueel te wees. Maak die Here sigbaar, leef Sy liefde en genade uit in jou konteks.

**Lees** hier »

# VERJAARSDAE




ngkerkvrystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

**DESEMBER**

01 Ds Hendrik Conradie – RIEBEECKSTAD

01 Ds Francois Lamprecht – PELLISSIER

01 Ds Dirk du Preez – DENEYSVILLE

02 Dr Enrico Casaleggio – FICHARDPARK

02 Ds Attie Steyn – PELLISSIER

03 Ds Werner Klindt – LADYBRAND-NOORD

05 Mev Nicolene Gouws – SINODALE KANTOOR

10 Ds Laurie Naudé – MEYERHOF

12 Ds Louis Smith – GELOOFSENTRUM UNIVERSITAS

## DESEMBER

15 Dr Charles Mitchell
AANDBLOEM

19 Ds Lunette Basson
THEUNISSEN-WES

12 Dr Jan de Man
VILJOENSDRIF/ TAAIBOSSPRUIT

21 Ds Cobus Hamman
BAINSVLEI

27 Ds Johan Marais
BERG-EN-DAL

## JANUARIE

02 Ds Friedrich Kotzé
VAALPARK

07 Ds Willie Griesel
HERTZOGVILLE

09 Ds Craig Saltzman
HEUWELSIG

09 Ds Madelein Bakker
BETHLEHEM-OOS

10 Ds Chris van der Linde
HENNENMAN

14 Ds Tano Bongers
BLOEMFONTEIN-NOORD

14 Ds Jan Venter
CLARENS

15 Ds Fanie le Roux
PARYS-SUID

15 Dr Leon M Foot
SINODALE KANTOOR

16 Ds Pikkie Maritz
OOSHOEK

16 Mev Elbie Conradie
RICD

16 Ds Erich Cornelissen
BETHLEHEM-NOORD

17 Ds Gerrie van Dyk
REDDERSBURG

18 Ds Willie Beets
ODENDAALSRUS

19 Dr Johan Marais
EXCELSIOR

19 Ds Louwrens Scheepers
PHILIPPOLIS


21 Dr Johan Nel
SINODALE KANTOOR

24 Ds Johan David
BLOEMFONTEIN-WES

24 Ds Rikus van Zyl
EDENBURG

25 Ds Dougy Bubb
BETHLEHEM-EFRATA

27 Mnr Adriaan de Ruiter
SINODALE KANTOOR





# 'n Eko-vriendelike Kersfees

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

## Vier vanjaar 'n eko-vriendelike Kersfees

Kersfees bring altyd 'n gevoel van warmte, lig en oorvloed. Dis die tyd van blink liggies, geurige disse en geskenke onder die kersboom. Ons vergeet egter soms dat die fees van Christus se geboorte ons ook moet herinner aan die waarde van eenvoud en versorging – vir mekaar én vir God se skepping.

In 'n wêreld waar oorverbruik en 'n weggooi-mentaliteit al hoe meer druk op die aarde plaas, kan Kersfees vir ons as gelowiges 'n geleentheid wees om iets anders te demonstreer: om Kersfees met respek vir die aarde te vier.

### Geskenke met 'n verskil

'n Kersgeskenk hoef nie duur te wees om waardevol te wees nie. Dalk is die mees gewaardeerde geskenk juis dit wat jy self gemaak het, soos tuisgebakte koekies of konfyt. Oorweeg dit ook om ervarings te gee – 'n piekniek, 'n dag in die natuur, of 'n besoek aan iemand wat alleen is. Só bou ons kosbare herinneringe.

As jy besluit om tog iets te koop, ondersteun plaaslike en volhoubare ondernemings. Dit skep inkomste in jou gemeenskap en beperk die koolstofvoetspoor van vervoer. Jy kan ook iets bydra tot 'n liefdadigheidsprojek of jou gemeente se diakonale fonds – dit bring vreugde wat langer hou as papier en lint.

**Lees** meer »


VROUE
KAMP
20 - 22
FEBRUARIE
God roep jou
Amanzi
PRIVATE GAME RESERVE
Met ons aanbieder van eKerk
RUDOLF BOTHA
Roedolf het 'n Ph.D in Nuwe Testament verwerf by die Universiteit van Nijmegen (Radboud) in Nederland. Sy liefde vir die Here kry gestalte in sy passie vir die plaaslike gemeente, kerk- en geloofslos-mense asook die toerusting van leiers.
Besprekings
Marietjie van der Merwe
076 113 9601
vrouelidmate@gmail.com
vb
VROUEBEDIENING


MERK
"KYK,
EK KOM MET DIE
WOLKE ..."
CLF
Preeksketse vir die
Week van Gebed


HOE DEEL EK
DIE EVANGELIE
MET 'N MOSLEM?
31 Januarie 2026 om 9 vm tot 3 nm by NG Kerk Jacobsdal Kerksaal
SENDING
NG Kerk Jacobsdal
Die kususleier is Dr. Enrico Casaleggio, met meer as 40 jaar se ervaring in sendingwerk onder Moslems. Islam is die godsdiens wat die vinnigste groei in die wêreld. Op die Vrystaatse platteland is daar haas geen dorpie waar 'n moskee nie al van ver af sigbaar is nie. Die koms van Moslems na die Vrystaat bied vir ons 'n wonderlike geleentheid om teenoor hulle te getuig van die liefde wat daar in Jesus Christus te vind is.
Getalle word vooraf benodig om lesmateriaal te druk en versersings te reël. Kontak Annalie by 084 909 0043 om jou gratis plek te bespreek voor 19 Januarie 2026.



JAARVERSLAG
2024-2025
JAAR
IMPAK
BM
BYBEL-MEDIA



RANJE INSTITUTE FOR SPECIAL EDU
Project
Chat for Children
love to and sign up with Melon Mobil
for unbelievable deals!
unlimited – standard & custom, including family
s – month-to-month with free calls on all networ
WS when signing up with the promo co
l not only save but will also help us to k
ileged child who lives with a disability i
ly benefit from your subscription if you use our promo
1. Go to the Melon Mobile App o
2. Sign up online
3. Please apply the promo code
You may keep your existing num
mmobile.co.za




R150
ROOSTER
VIR
LIDMATE
Leesrooster vir Li
inhoud sluit aan
seisoene van die k
moedig lidmate s
die feeste, gebr
gewoontes van di
te vier en te e
Koop vand
Leesrooster vir
2025-202
www.bybelmedi

Jeugfokus
Kategese
Volledige katalogus vir 2026
2026
jeugfokus
www.bybelmedia.org.za




KOS vir
KINDERS vi
KERSFEES
www.engo.co.za
Engo




fees Uitdaging in die Vrystaat...Engo bring
hierdie Feesgety vir die Kersliggies by
kantore, huise en sentrums in jou dorp
in die Vrystaat.




KERSFEES IS OM DIE DRAA
A5 DA
R299
A4 DA
R399
RF JOUSELF OF IEMAND
IAAL MET 'N GESKENK
INSPIRASIE VIR 2026




Kersfees
YBELUITVERKOPIN
GELDIG TOT 12 DESEMBER 2025
BIVHILI
Tot
60%
afslag
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika
www.bibleshop.co.




Kersfees
YBELUITVERKOPING
DIE BYBEL
AFRIKAANS
2020-vertaling
R103*
Volledige Bybel, swart hardeban
mediumgrootte, voetnote,
kruisverwysings, woordelys en ka
42%
afslag
www.bibleshop.co.
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika




PADDANAG
IN
BLOEM
Die hele
gesin is welkom
Interessante inligting oor paddas. Vang, identifiseer en vrylaat van paddas.
Plek: Bybelhuis, 220 Nelson Mandela Dr
Datum: Saterdag 29 November 2025
Tyd: 17h00 tot laat
Koste: R100 per persoon
Bring jou eie piekniekmandjie en kos.
BRING JOU EIE STOELE SAAM.
Jy mag kontant bring vir 'n aandenking.
Nie verpligtend!
Ons verwelkom veral kinders. Die praatjie is inleidend en verstaanbaar vir laerskoolkinders.
Noodsaaklik vir paddavang:
Wellingtons of Waterskoene – (NIE plakkies nie)
Koplampie
Muskietweerder en Muskietwerende klere
Wees Reg Vir Groot Pret!
Program:
17:00 - 18:30 Arriveer, kuier en ete
18:30 - 19:30 Praatjie en inligting deur:
Dr Edward Netherlands
(Universiteit Vrystaat)
19:30 - Laat Paddavang by die dam
Kontak vir bespreking: Elrika - 082 940 5783
elrikasenekal@telkomsa.net

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

## KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

**kerkbode** BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



Beroepbare proponente en diensleraars: Ontmoet UV se klas van 2025

*27 November 2025*
*Kerkbode*
*Nuus*



'n Kerk waar studente kan behoort en beweeg

*27 November 2025*
*Kerkbode*
*Nuus*



Beroepbare proponente en diensleraars: Ontmoet UP se klas van 2025

*26 November 2025*
*Kerkbode,*
*Nuus*



Tussen verlies en vooruitskoue: Die ASM in November

*20 November 2025*
*Kerkbode*
*Redakteursbrief, Rubrieke*
*Le Roux Schoeman*



Teologiese kollege met NG wortels in Zim se eeufeesviering kyk beide vorentoe en terug

*20 November 2025*
*Kerkbode, Nuus*
*Heléne Meissenheimer*




Tussenin: Zander van der Westhuizen oor die krag van oomblikke van konneksie

*20 November 2025*
*Kerkbode, Rubrieke*
*Zander van der Westhuizen*

Google Play    kerkbode.christians.co.za    App Store


CLF PUBLISHERS UITGEWERS




**R200**

## Agter die skerms – *grepe uit die verlede*

*Agter die skerms – grepe uit die verlede* deur Kobus Meiring is 'n insiggewende en persoonlike terugblik op die dramatiese laaste dekades van die vorige eeu toe Suid-Afrika uit isolasie getree het en op pad was na demokrasie. As adjunkminister van Buitelandse Sake bied Meiring 'n unieke blik op die diplomatieke en politieke draaipunte wat die land se toekoms gevorm het – van die Wynand du Toit-sage en Namibië se onafhanklikheid tot die ontbanning van die ANC en Nelson Mandela se vrylating.




**R110**

## Bloedbruide van Christus

Jaap Durand – wat bekend geword het vir sy lewenslange stryd teen onreg in alle vorme – het nógeens die gemarginaliseerdes raakgesien: vroue wat vir hulle geloof in Christus die hoogste prys betaal het. Weer is hy 'n stem vir die stemloses, ook vir hulle wat tussen die bladsye van geskiedenisboeke misgekyk of verswyg is en sodoende in vergetelheid verdwyn het. Dié publikasie van Jaap Durand, saam met Verena Schoeman, lewer 'n belangrike bydrae tot die gesprek oor die mishandeling van vroue deur magsisteme, dikwels in die naam van geloof. Hierdie boek is 'n begin. Hieraan herinner *Bloedbruide van Christus* ons, in 'n ander eeu, in 'n wêreld wat anders geword het.




**R110**

## Bloedbruide van Christus 2

*Bloedbruide van Christus 2* is 'n welkome en noodsaaklike opvolgskrywe ná die eerste boek met dieselfde titel. Jaap Durand se boek is nie bloot beriggewende vertellings wat rapporteer oor die lyding van vroue eeue gelede nie. Die skrywer bly nie ongeraak, 'n afstandelike waarnemer nie. Hy skryf met 'n dringendheid, intense betrokkenheid en passie. Hier is 'n skrywer aan die woord wat diep geraak is deur die gebeure wat verhaal word, en die leser kan nie anders as om aan die hart gegryp te word nie.

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

## Gemeentegebeure

Kalender | Belangrike datums

### KALENDER

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer hier

### VAKATURES

### AFLOS

kerkbode

## Interaktiewe Dagboek

Deel jou dagboek hier

### DAGBOEK

woes@mweb.co.za
023 342 6030

### VAKATURES

### AMPTELIK

## AMPTELIKE PREDIKANTENUUS

**AANVAAR** | **Ds Deon Groenewald** van NG Gemeente Pietersburg-Noord het die beroep na NG Gemeente Edenville aanvaar en sy kontrak het op 1 November 2025 vir 'n vastetermynpos van drie jaar aanvang geneem. Sy verwelkoming, intreepreek en bevestiging het op 16 November plaasgevind en is gelei deur ds Christo Weideman van NG Gemeente Kroonheuwel-Noord. Deon en Ester was by NG Kerk Pietersburg-Noord betrokke vir twee jaar en hy het emeritaat ontvang einde September 2025.

Amptelike Nuus kerkbode

**BEROEP** | Hiermee gee die kerkraad van die NG Gemeente Fichardtkruin kennis dat ons tydens 'n vergadering op 9 November 2025 vir **ds Hannes du Plessis** van die NG Gemeente Universitas-Wes en Striata beroep het.

## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

# ’n *Tydlose* boodskap



**Foto:** *Maryna van Wyk (verskaf)*

**ALGEMEEN**
Vryskutjoernalis en kopieskrywer
*Maryna van Wyk*

> *“Daar is ’n Verlosser vir ons gebore”*

Elke stofpad bring weer nuwe hoop en genade. Ons kan vreesloos die Nuwe Jaar ingaan, want Jesus is reeds daar …

Male sonder tal het ek die afgelope ruk gehoor hoe sleg die jaar vir talle mense was. Daar was net ’n algehele gevoel van iets is drasties verkeerd in die wêreld. Die Christendom is uit talle oorde in verskeie lande aangeval en Christene is vir hul geloof doodgemaak. In die VSA woed ’n oorlog tussen mense wat selfs in dieselfde straat woon, maar verskillende politieke oortuiginge het. Die een groep dra rooi T-hemde en die ander blou. Dit het vanjaar gevoel asof die wêreld ’n reuse tuimeltrein in ’n pretpark geword het wat net-net wil ontspoor.

Ons troos aan die einde van elke jaar is weereens die herdenking van ons Ewige Verlosser se geboorte. Die laaste paar dae van elke jaar bring weer ’n rustigheid in almal se gemoed omdat ons weet: elke einde is ’n nuwe begin.

Vir my bejaarde ma, toe reeds 83 jaar oud, was 2009 se Kersfees haar laaste. Sy was reeds ernstig siek as gevolg van hart- en nierversaking. Wat so hartseer was - die klein vroutjie wat kop onderstebo in ’n gemakstoel naby die Kersboom gesit het, het by tye nie geweet waar sy is nie. Dit terwyl die Kersboom se liggies in haar ligblou oë, wat toe reeds lewensmoeg was, gedans het. Sy’t ’n klein geskenkie ontvang omdat ons almal maar in ons menswees geweet het, haar lewe staan einde se kant toe. Hoe ironies is dit nie, dieselfde vrou wat jaar na jaar al die geregte op Oukers-aand reeds in die oond gehad het, perfek voorberei. Die Kersete is ’n paar dae voor die tyd met militêre presiesheid beplan en uitgevoer. Elke Kersdag het die tafel gekreun onder die verskeie soorte vleise, slaaie, groente en natuurlik struifkoek. Sy was ook die logistieke bestuurder vir die koop en toedraai van al die geskenke.

Ondanks my ma se siekte, het Oukersaand daardie jaar vir ons familie ’n onbeskryflike rustigheid gebing.

**Lees** meer »



# KONTAK ONS

## REDAKSIE

### SAMESTELLERS


Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Juan du Toit, **skakel@ngkvs.co.za**


### LUISTER-ARTIKELS

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

### PROEFLESERS

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**


**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321


© 2025 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**

Ligdraers tot eer van God.

Oosterlig

DRUKWERK/PRINTERS

**PASGEMAAKTE DRUKWERK vir jou… én vir 'n groter doel.**

Ons druk ons nie net op bekers, T-hemde en sleutelhouers nie — ons druk **HOOP**.

Elke bestelling help om werk te skep, mense op te hef en lig te bring in ons gemeenskap van Ooshoek.

## Wat druk ons? Jy sal verras wees!

- T-hemde
- Pette
- Koffie Bekers
- Legkaarte
- Kussings
- Notaboeke
- Sleutelhouers

EN nog vele meer!




**Wanneer jy by ons bestel:**

👉 skep jy werk
👉 dra jy hoop
👉 deel jy lig

## Bestel nou:

CHRISNA
+27 64 602 5261
Ooshoek Kerk, Bloemfontein.

**Ons druk dit soos jy dit wil hê!**



NG Kerk
Vrystaat

**NG KERK VRYSTAAT | © 2025**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING